SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION
LIMPOPO

2019-03-14 **NIB 9/2019**

Aan die einde van die eerste termyn van 2019
At the end of the first term of 2019

Die eerste kwartaal van 2019 is verby! Weliswaar 'n baie kort kwartaal, maar propvol gebeure. En deur dit alles het die SAOU lede in Limpopo meer as 100% van hul kennis, ervaring, tyd en energie gegee. Ons het gedeel in die vreugde van die goeie matriekuitslae, lede wat uitsonderlike uitslae behaal het in hulle onderskeie vakke, goeie sportuitslae, maar ons het ook in meelewing gedeel in die swaarkry van opvoeders, plaaslik en in ander provinsies, wie se lewens as gevolg van sosiale media baie ontwrig is. Ons dink aan tragiese gebeure by skole soos Driehoek HS en Pietersburg LS waar die skool en personeel moes afskeid neem van leerders by oop grafte.

SAOU (Limpopo) wens alle lede 'n besondere rustige skoolvakansie toe en spreek die hoop uit dat almal veilig sal reis en op 2 April 2019 sal terugkeer na hulle onderskeie skole met hernude moed en krag vir die uitdagings van die 2e kwartaal van 2019.

The first quarter of 2019 is over! Yes, a very short term, but full of events. And through all this, the SAOU members in Limpopo have given more than 100% of their knowledge, experience, time and energy. We shared in the joy of the good matric results, members who achieved exceptional results in their respective subjects, good sports results, but we also shared in the hardship of educators, locally and in other provinces, whose lives were disrupted by careless use of social media. We think of tragic events at schools such as Driehoek HS and Pietersburg LS where the school and staff had to say goodbye to learners at open graves.

SAOU (Limpopo) wishes that all members will have a particularly peaceful school holiday and hopes everyone will travel safely and return to their respective schools on 2 April 2019 with renewed energy and strength for the challenges of the 2nd quarter of 2019.

Opleiding – Remediërende Lees
Training – Remedial Reading

Op **9 en 10 April** gaan SAOU (Limpopo), in samewerking met Stimulus Maksima, 'n omvattende opleiding aanbied rakende **remediërende lees**. Statistieke toon al 'n geruime tyd dat die leerders in ons skole nie kan lees nie, maak nie saak of hulle in die hoër – of laerskool is nie.

*On **9 and 10 April**, SAOU (Limpopo), in collaboration with Stimulus Maksima, will be offering comprehensive training on **remedial reading**. For some time, statistics have shown that learners in our schools cannot read, no matter whether they are in high - or primary school.*

Die stryd is egter nie verlore nie. Indien dit jou naby aan die hart lê om die statistieke positief om te swaai, registreer dan **voor of op 4 April** vir 'n opleidingsgeleentheid naaste aan jou. Daar gaan twee geleenthede wees, een in Thabazimbi en een in Tzaneen, op 9 en 10 April onderskeidelik. Dit is belangrik dat bewyse van betaling vir diegene wat die opleiding bywoon spoedig na registrasie deurgestuur word aan **saoulim@saou.co.za**	*However, the battle is not lost. If it is important to you to turn the statistics around, then register for a training opportunity closest to you **on or before 4 April**. There will be two events, one in Thabazimbi and one in Tzaneen, on April 9 and 10 respectively. It is important that proof of payment for those attending the training be sent to saoulim@saou.co.za soon after registration.*
9 April 2019 Thabazimbi LS Kostes Lede R50 Studente (reeds by SAOU geregistreer) Gratis Nie-lede en Nie-SAOU Studente R150 Om te registreer – klik hier	**9 April 2019** Thabazimbi Primary *Cost* *Members R50* *Interns (Registered with the SAOU) Free* *Non – Members and Non SAOU Interns R150* *To register - click here*
10 April 2019 Tzaneen LS Kostes Lede R50 Studente (reeds by SAOU geregistreer) Gratis Nie-lede en Nie-SAOU Studente R150 Om te registreer – klik hier	**10 April 2019** Tzaneen LS *Cost* *Members R50* *Interns (Registered with the SAOU) Free* *Non – Members and Non SAOU Interns R150* *To register - click here*
Kostes vir SAOU opleiding – provinsiaal ***Costs involved for SAOU training – provincial***	
Die Provinsiale Uitvoerende Raad (PUR) van SAOU (Limpopo) het die besluit goedgekeur	*The Provincial Executive Council (PEC) of SAOU (Limpopo) has approved the decision*

dat alle opleiding van tussen 1 – 3 uur gesubsidieer sal word. Dit bring mee dat die kostes van provinsiale opleidings as volg bepaal word: Lede – R50 Studente (reeds by SAOU geregistreer) – gratis Nie-lede – bedrag word per geleentheid bepaal.	*that all training of between 1 and 3 hours will be subsidized. This means that the costs of provincial training are as follows:* *Members - R50* *Students (already registered with SAOU) - free of charge* *Non-member - amount is determined per occasion.*
Koshuistoelae - hofsaak ***Hostel Allowance – court case***	
In 2018 het SAOU (Limpopo) 'n tweede hofsaak rakende die nie-betaling van koshuistoelae aanhangig gemaak. Dit het alle lede ingesluit wat geen, of slegs gedeeltelike betalings ontvang het tussen 2012 en 2017. Die oorspronklike aansoek het 32 SAOU lede gelys wat aangedui en bewys het dat hulle sodanig benadeel is. Deur die loop van 2018 het verskeie van hierdie gelyste lede betalings ontvang voordat die saak in die Arbeidshof gedien het. Ongelukkig is daar nog 8 lede wat nie vergoed is nie, en die aansoek is derhalwe by die Arbeidshof ingedien en wag vir afhandeling.	*In 2018, SAOU (Limpopo) launched a second court case regarding the non-payment of hostel allowance. It included all members who received no or only partial payments between 2012 and 2017. The original application listed 32 SAOU members who indicated and proved that they were prejudiced. During the course of 2018, several of these listed members received payments before the case served in the Labour Court. Unfortunately, there are still 8 members who were not compensated, and the application has therefore been submitted to the Labour Court and is awaiting completion.*

FEDUSA
REG NO: LR2/6/2/531
t. 012 436 0900 | 086 072 6843 f. 086 557 1017 e. saoulim@saou.co.za w. www.saou.co.za
PO BOX/POSBUS 90120, GARSFONTEIN, PTA, 0042 | 278 SERENESTRAAT/SERENE STREET, GARSFONTEIN, PTA
Provinsiale Sekretaris / Provincial Secretary: Wilma Henn - WilmaH@saou.co.za - 083 407 5629
Voltydse Vakbond Verteenwoordiger / Fulltime Shopsteward: Susan Lourens - vvvlim@saou.co.za - 083 301 4349
Admin Assistent / Admin Assistant: Adriana de Necker - Adrianadn@saou.co.za - 066 353 2969